# Geliefd:

# Gemaak om lief te hê

**Eduan Els 13/10/2019**

## 1. GEMAAK OM LIEF TE HÊ

**1.1.** Ons is gemaak deur liefde, vir liefde om lief te kan hê.

**1 Johannes 4:19 "God het ons eerste liefgehad. Daarom kan ons ook nie anders as om lief te hê nie."**

**1.2.** Ons kan ander lief hê omdat God ons eerste lief gehad het. God se liefde verander ons en maak dit moontlik vir ons om ander lief te hê.

**Efesiërs 1:4 "Deur wat Christus gedoen het, het God ons uitgekies. Omdat Hy ons liefhet, het Hy ons, al voor die wêreld gemaak is, uitgekies om Syne te wees en onberispelik in liefde voor sy aangesig te lewe."**

**Efesiërs 2:10 "want ons is God se handewerk. Hy het ons in ons eenheidsband met Christus Jesus só gemaak dat ons die goeie werke wat Hy vir ons bestem het, kan uitlewe."**

## 2. HOE OM ANDER LIEF TE HÊ:

**2.1.** Ons moet ingeskakel bly by die bron van liefde. Ons moet God vra om ons te vul met sy liefde sodat ons die mense om ons kan lief hê.

**1 Johannes 4:16 "Ons leef uit die wete en is absoluut oortuig daarvan dat God ons liefhet. God is die liefde self en almal wat uit dié liefde leef, leef in 'n hegte verhouding met God en God met hulle."**

**Romeine 8:38-39 "Een ding weet ek vas en seker: Niks kan ons ooit van Christus se liefde skei nie. Nie dood of lewe of engele of duiwelse magte nie; nie ons vrees vir vandag of ons kommer oor môre nie; ook nie bo-aardse magte nie. Ja, hoegenaamd niks daarbo of onder in die dieptes of elders in die skepping sal ons ooit kan skei van die liefde wat God in Christus Jesus ons Here vir ons het nie."**

**2.2.** Liefde is 'n aksie. Dit is nie 'n emosie nie; dit is 'n keuse.

**Johannes 13:34-35 "Ek gee julle 'n nuwe opdrag: Julle moet mekaar liefhê; soos Ek julle liefhet, net só moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal daaraan sien dat julle my dissipels is."**

**2.3.** Liefde moet jou motief wees. Vra God hoe Hy wil hê jy mense moet lief hê.

**1 Johannes 3:18 "Kinders, laat ons nie liefhê met woorde of gepratery nie, maar eerder deur ons optrede, en met opregte bedoelings."**

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Fokus jy daarop om ander mense lief te hê?
2. Is jy meestal net lief vir mense wat jou ook lief het of probeer jy om vir almal lief te wees?
3. Hoe wys jy God se liefde vir ander mense?